

**22 Maart**

**Skrifgedeelte: Markus 8:27-9:13 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Markus 9:1**

### **Die lyding van die Seun en sy volgelinge**

Dat Jesus moes ly en sterf, het nie ingepas by die dissipels se siening oor Jesus as die Messias van God nie. Ja, dat Hy die Christus, die Messias is, het God aan hulle geopenbaar en die geloof in Hom is by hulle gevestig – anders as by die skare. Maar lyding en dood deur die hande van die volk se leiers is totaal vreemd aan hulle denke oor Jesus. Oor sulke onderrig sien Petrus eerder kans om Jesus te bestraf as om dit te aanvaar. Jesus waarsku egter dat enige gedagte aan 'n evangelie sonder 'n lydensweg, die wysheid van Satan is. Dieselfde geld vir Petrus wat Hom bestraf, as vir die mense wat die lydensweg misken deur te weier om agter Jesus aan te kom. Agter die pad van verwerping en oorlewering staan daar 'n Goddelike “moet” wat niemand kan ontwyk nie – nie deur Jesus nie en ook nie deur een van sy ware volgelinge nie. Wie Hom wil volg sal daarom, soos Hy, alle eiebelang en selfbehoud moet prysgee en opoffer. Die wat kies om Hom op die pad van lyding en opoffering te volg, hulle is die “sommiges” wat die dood nie sal smaak voor die koms van die koninkryk van God nie. Soos sy pad van lyding uitloop op opstanding uit die dood, so sal hulle pad van lyding uitloop op heerlijkheid in die teenwoordigheid van die Vader en sy heilige engele. Wie hulle egter vir Hom skaam, sal die ewige dood smaak, omdat die Seun Hom vir hulle skaam voor die Vader. So belangrik is hierdie lydensedevangelie dat die binnekring-dissipels op die berg van verheerliking deur die Vader vermaan moet word om nie teë te stribbel nie, maar om te luister na hierdie onderrig van die Seun.

Verstaan ons nog die evangelie van lyding en selfprysgawe en opoffering in ons navolging van Jesus, of probeer ons die pad verbreed tot een van voordeel en selfvervulling en handhawing van eie insigte?

*Sing: Psalm 1:4*

*Ds BC Smit (Brits-Wes)*